// OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0.40 — Monday 16 March 1987 — WINDHOEK — Maandag 16 Maart 1987 — No. 5330

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES**


No. 34 Amendment of the regulations prescribing the tariff of allowances payable to witnesses in criminal cases — 2

No. 35 Compensation of psychiatrists in terms of section 79 (11) of the Criminal Procedure Act, 1977: Amendment of tariff — 3

No. 36 Amendment of tariff of allowances payable to witnesses in civil cases — 3

No. 37 Deviation of a portion of farm road 1642: District Gobabis — 5

No. 38 Repeal of Government Notice AG. 17 of 1985 — 5


**GENERAL NOTICES**


No. 69 Notice: Erf No. 50: Aus Township — 6

No. 70 Notice: Erf No. 274: Bethanie Township — 7

No. 71 Notice: Erf No. 257: Outjo Township — 7

No. 72 Notice: Erf No. 338: Outjo Township — 8

No. 73 Notice: Erf No. 509: Outjo Township — 8

No. 74 Notice: Erf No. 555: Outjo Township — 9

No. 75 Notice: Erf No. 554: Outjo Township — 10

No. 76 Notice: Erf No. 503: Outjo Township — 10

No. 77 Notice: Erf No. 504: Outjo Township — 11

No. 78 Notice: Erf No. 436: Outjo Township — 11

No. 79 Notice: Erf No. 437: Outjo Township — 12


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**


No. 34 Wysiging van die regulasies waarby die tarief van toelaes voorgeskryf word wat aan getuies in strafregtelike verrigtinge betaalbaar is — 2

No. 35 Vergoeding van Psigiaters kragtens artikel 79 (11) van die Strafproseswet, 1977: Wysiging van Tarief — 3

No. 36 Wysiging van tarief van toelaes betaalbaar aan getuies in siviele sake — 3

No. 37 Verleging van 'n gedeelte van plaaspad 1642: Distrik Gobabis — 5

No. 38 Herroeping van Goewermentskennisgewing AG. 17 van 1985 — 5


**ALGEMENE KENNISGEWINGS**


No. 69 Kennisgewing: Erf No. 50: Gebied van Aus — 6

No. 70 Kennisgewing: Erf No. 274: Bethanie Dorp — 7

No. 71 Kennisgewing: Erf No. 257: Outjo Dorp — 7

No. 72 Kennisgewing: Erf No. 338: Outjo Dorp — 8

No. 73 Kennisgewing: Erf No. 509: Outjo Dorp — 8

No. 74 Kennisgewing: Erf No. 555: Outjo Dorp — 9

No. 75 Kennisgewing: Erf No. 554: Outjo Dorp — 10

No. 76 Kennisgewing: Erf No. 503: Outjo Dorp — 10

No. 77 Kennisgewing: Erf No. 504: Outjo Dorp — 11

No. 78 Kennisgewing: Erf No. 436: Outjo Dorp — 11

No. 79 Kennisgewing: Erf No. 437: Outjo Dorp — 12

# Government Notices

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 34 1987

## AMENDMENT OF THE REGULATIONS PRESCRIBING THE TARIFF OF ALLOWANCES PAYABLE TO WITNESSES IN CRIMINAL CASES

Under section 191(3) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), the Cabinet hereby amends, with effect from 1 April 1987, the regulations promulgated by Government Notice R.653 of 1980, as set out in the Schedule.

By order of the Cabinet

A.Z. SHIPANGA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 19 February 1987

SCHEDULE

1. Regulation 1 is hereby amended –

(a) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (a) of subregulation (1) of the following subparagraph:

"(i) A witness giving expert evidence: R30:";

(b) by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (a) of subregulation (I) for the amount "R24" of the amount "R48";

(c) by the substitution in subparagraph (i) of paragraph (b) of subregulation (1) for the amount "R3", wherever it occurs, of the amount "R6" and the substitution for the amount "R10" of the amount "R18";

(d) by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (b) of subregulation (1) for the amount "R24" of the amount "R48"; and

# Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 34 1987

## WYSIGING VAN DIE REGULASIES WAARBY DIE TARIEF VAN TOELAES VOORGESKRYF WORD WAT AAN GETUIES IN STRAFREGTELIKE VERRIGTINGE BETAALBAAR IS

Kragtens artikel 191(3) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), wysig die Kabinet hierby, met ingang van 1 April 1987, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.653 van 1980, soos in die Bylae uiteengesit.

Op las van die Kabinet

A.Z. SHIPANGA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 19 Februarie 1987

BYLAE

1. Regulasie 1 word hierby gewysig –

(a) deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n Getuie wat deskundige getuienis aflê: R30:";

(b) deur in subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subregulasie (1) die bedrag "R24" deur die bedrag "R48" te vervang;

(c) deur in subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subregulasie (1) die bedrag "R3", oral waar dit voorkom, deur die bedrag "R6" te vervang en die bedrag "R10" deur die bedrag "R18" te vervang;

(d) deur in subparagraaf (ii) van paragraaf (b) van subregulasie (1) die bedrag "R24" deur die bedrag "R48" te vervang; en

(e) by the substitution in paragraph (c) of subregulation (1) for the amount "R10" of the amount "R18".

2. Regulation 2 is hereby amended by the substitution for the amount "R25" of the amount "R100".

3. Regulation 3 is hereby amended by the substitution in subregulation (3) for the amounts "20c" and "5c" of the amounts "35c" and "10,5c", respectively.

(e) deur in paragraaf (c) van subregulasie (1) die bedrag "R10" deur die bedrag "R18" te vervang.

2. Regulasie 2 word hierby gewysig deur die bedrag "R25" deur die bedrag "R100" te vervang.

3. Regulasie 3 word hierby gewysig deur in subregulasie (3) die bedrae "20c" en "5c" deur, onderskeidelik, die bedrae "35c" en "10,5c" te vervang.

---

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 35 1987

## COMPENSATION OF PSYCHIATRISTS IN TERMS OF SECTION 79(11) OF THE CRIMINAL PROCEDURE ACT, 1977: AMENDMENT OF TARIFF

Under section 79(11) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), the Cabinet hereby amends, with effect from 1 April 1987, the tariff promulgated by Government Notice R.1315 of 1980, by the substitution in paragraphs (a) and (b) for the amount "R35" of amount "R60".

By order of the Cabinet

A.Z. SHIPANGA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 19 February 1987

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 35 1987

## VERGOEDING VAN PSIGIATERS KRAGTENS ARTIKEL 79(11) VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977: WYSIGING VAN TARIEF

Kragtens artikel 79(11) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), wysig die Kabinet hierby, met ingang van 1 April 1987, die tarief afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1315 van 1980, deur in paragrawe (a) en (b) die bedrag "R35" deur die bedrag "R60" te vervang.

Op las van die Kabinet

A.Z. SHIPANGA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 19 Februarie 1987

---

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 36 1987

## AMENDMENT OF TARIFF OF ALLOWANCES PAYABLE TO WITNESSES IN CIVIL CASES

Under section 51 *bis* of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), and section 35 of the Supreme Court of South West Africa Proclamation, 1981 (Proclamation 222 of 1981), the Cabi-

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 36 1987

## WYSIGING VAN TARIEF VAN TOELAES BETAALBAAR AAN GETUIES IN SIVIELE SAKE

Kragtens artikel 51 *bis* van die Wet op Landroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en artikel 35 van Proklamasie op die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, 1981 (Proklamasie 222 van

net hereby amends, with effect from 1 April 1987, the tariff of allowances payable to witnesses in civil cases prescribed by Government Notice R.652 of 1980, as set out in the Schedule.

By order of the Cabinet

A.Z. SHIPANGA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 19 February 1987

SCHEDULE

1. Item 1 is hereby amended –

(a) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (a) of subitem (1) of the following subparagraph:

"(i) A witness giving expert advidence: R30.";

(b) by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (a) of subitem (1) for the amount "R24" of the amount "R48";

(c) by the substitution in subparagraph (i) of paragraph (b) or subitem (1) for the amount "R3", wherever it occurs, of the amount "R6" and the substitution for the amount "R10" of the amount "R18";

(d) by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph (b) of subitem (1) for the amount "R24" of the amount "R48"; and

(e) by the substitution in paragraph (c) of subitem (1) for the amount "R10" of the amount "R18".

2. Item 2 is hereby amended by the substitution for the amount "R25" of the amount "R100".

3. Item 3 is hereby amended by the substitution in subitem (2) for the amounts "20c" and "5c" of the amounts "35c" and "10,5c", respectively.

---

1981), wysig die Kabinet hierby, met ingang van 1 April 1987, die tarief van toelaes betaalbaar aan getuies in siviele sake voorgeskryf by Goewermentskennisgewing R.652 van 1980, soos in die Bylae uiteengesit.

Op las van die Kabinet

A.Z. SHIPANGA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 19 Februarie 1987

BYLAE

1. Item 1 word hierby gewysig –

(a) deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subitem (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n Getuie wat deskundige getuienis aflê: R30.";

(b) deur in subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subitem (1) die bedrag "R24" deur die bedrag "R48" te vervang;

(c) deur in subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subitem (1) die bedrag "R3", oral waar dit voorkom, deur die bedrag "R6" te vervang en die bedrag "R10" deur die bedrag "R18" te vervang;

(d) deur in subparagraaf (ii) van paragraaf (b) van subitem (1) die bedrag "R24" deur die bedrag "R48" te vervang; en

(e) deur in paragraaf (c) van subitem (1) die bedrag "R10" deur die bedrag "R18" te vervang.

2. Item 2 word hierby gewysig deur die bedrag "R25" deur die bedrag "R100" te vervang.

3. Item 3 word hierby gewysig deur in subitem (2) die bedrae "20c" en "5c" deur, onderskeidelik, die bedrae "35c" en "10,5c" te vervang.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 37 1987

### DEVIATION OF A PORTION OF FARM ROAD 1642: DISTRICT GOBABIS

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Minister of Transportation has under section 22(1)(c) of the said Ordinance, in the district of Gobabis, deviated the portion of farm road 1642 described in paragraph (a) of the Schedule and shown on sketch-map P1303 by the symbols A – C, from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of the Schedule and shown on sketchmap P1303 by the symbols A-B.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

(a) From a point (A on sketch-map P1303) on the common boundary of the farms Portion 1 of Stella 237 and Remainder of Stella 237 generally northwards across the last-mentioned farm to a point (C on sketch-map P1303) on district road 1639 on the last-mentioned farm.

(b) From a point (A on sketch-map P1303) on the common boundary of the farms Portion 1 of Stella 237 and Remainder of Stella 237 generally north-north-westwards across the last-mentioned farm and the farm Cordova 217 to a point (B on sketch-map P1303) on district road 1639 on the last-mentioned farm.

---

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 37 1987

### VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1642: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordinance 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Minister van Vervoerwese kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Gobabis, die gedeelte van plaaspad 1642 wat in paragraaf (a) van die Bylae beskryf en deur die simbole A – C op sketskaart P1303 aangetoon word, verlê het van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1303 aangetoon word.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek ter insae beskikbaar.

BYLAE

(a) Van 'n punt (A op sketskaart P1303) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 1 van Stella 237 en Restant van Stella 237 algemeen noordwaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1303) op distrikspad 1639 op laasgenoemde plaas.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P1303) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 1 van Stella 237 en Restant van Stella 237 algemeen noordnoordweswaarts oor lasgenoemde plaas en die plaas Cordova 217 tot op 'n punt (B op sketskaart P1303) op distrikspad 1639 op laasgenoemde plaas.

---

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 38 1987

### REPEAL OF GOVERNMENT NOTICE AG. 17 OF 1985

The Minister of Transportation has under section 22 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), repealed Government Notice AG. 17 of 1985.

---

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 38 1987

### HERROEPING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING AG. 17 VAN 1985

Die Minister van Vervoerwese het kragtens artikel 22 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), Goewermentskennisgewing AG. 17 van 1985 herroep.

---